

**Natuur-gedig: Augrabies**

Deur: René Smal

‘Die plek van groot geraas’

is jy deur die San genome.

Jou sterkte laat almal verbaas.

Jou grootheid kan mense nie beskryf.

Die wonder van God se krag,

Staan in jou geskryf.

Vreesbevange kan ons na jou staar.

Jou water ‘n donderende massa,

Vir ons as kleine mens ‘n groot gevaar.

Ons kan jou net bewonder,

terwyl ons kyk,

hoe jou water val na onder.

Jou elke druppel deur God beheer.

In jou vloed kan ons sien wie regeer.

Soos die Oranje-rivier vloei . . . en val,

Weet ons God is steeds groter as die majestieuse waterval.